# MONNIE GONS

Uitgawe 39 van 2023 |
Tydperk: 16 - 22 November



## Uit die Kultuur kantoor

# INLIGTING

## JUNIORKOOR

Daar sal geen verdere kooroefening vir die jaar wees nie. Ons beplan 'n heerlike koorafsluiting vir beide die Junior- en Seniorkoor einde November. Inligting sal nader aan die tyd gedeel word. Ons wil graag die seniors geleentheid gee om eers op hul eksamen te fokus.

Alle Juniorkoor klere moet asseblief teen Maandag, 20 November by Juffrou Tarina se klas in D3 ingehandig word.

Die WhatsApp-groepe vir die Juniorkoor 2024 is reeds geskep. Volg asseblief die skakels om op u kind se WhatsApp-groep te wees.
Graad 1: https://chat.whatsapp.com/KOACqTNdaMy77DSFMaSGYW
Graad 2: https://chat.whatsapp.com/J825mIr3VDKBBvbxzRi96s
Graad 3: https://chat.whatsapp.com/Bh9a2WFLXBZJ4YscVS22WZ

Ons sien baie uit na 'n heerlike 2024 Juniorkoor jaar.

## SENIORKOOR

Die Seniorkoor het een laaste sanggeleentheid vir 2023. Hou asseblief Maandag, 27 November oop, ons sing by die skool se J.U.I.G kerskonsert om 18:00 in die skoolsaal.




# REDENAARS

**ATKV 2024 SE TEMAS IS BEKEND!**

Ons is baie opgewonde oor ons 2024 redenaars seisoen, ATKV het reeds tema's bekend gemaak vir ons redenaars om te begin voorberei. Daar sal in Januarie 'n kursus by die skool aangebied word oor die skryf en aanbied van redenaars toesprake. Toesprake kan ook solank bestel word op verskeie platforms.

Hier volg 'n paar skrywers wat gebruik kan word:
# Tong-in-die-kies Redenaars – Debbie 0795293778
# Redenaars - info@redenaars.co.za http://www.redenaars.co.za
# Raakpraat redenaars (sluit stemopname en pdf van kaartjies reg om te druk in): https://www.raakpraat.com



# REDENAARS

Maak reg vir 'n lekker redenaars kursus in Januarie 2024.
Die kursus sal in twee sessies aangebied word.
Die volgende word gedek:

- Hoe om 'n toespraak te skryf.
- Die formaat van 'n toespraak.
- Kreatiewe denke vir die skryf van 'n toespraak.
- Hantering van angs.
- Wenke vir die voordrag van 'n toespraak.

Maandag, 22 Janaurie 2024 om 18:00 tot 20:00
Maandag, 29 Januarie 2024 om 18:00 tot 20:00
Kostes sal bevestig word.

Ouers en leerders is welkom!!




# DIE FAK JEUGSIMFONIEORKES OUDISIES 2024

## AANSOEKE NOU OOP

Kom wees deel van die opwindende FAK Jeugsimfonieorkes vir 2024

## HOOGTEPUNTE OM NA UIT TE SIEN

Orkestoer | Orkeskamp | Optredes by Voortrekkermonument en 2025 - Afrikaans 100-toer

## NUUT VIR 2024

Oudisie `n concerto-beweging om uit te voer saam met die orkes!

**LEDEGELD:** R1000 per jaar. Vriend van die FAK: R600 per jaar

**DIRIGENT:** Jaco van Staden

**MINIMUM VEREISTES:** Ouderdom 13-21 | Standaard op Instrument: Graad 4

## OUDISIEMATERIAAL

Twee kontrasterende werke (onbegeleid) volgens minimum standaard
VIR CONCERTO: Een beweging uit 'n concerto van eie keuse met klavierbegeleiding.

**OUDISIES EERSTE RONDTE:** 19 & 26 Januarie 2024 (Voortrekkermonument)

**OUDISIES VIR CONCERTO:** 2 Februarie 2024 (Voortrekkermonument)

Registrasie vir aansoeke sluit: Vrydag 8 Desember 2023

Besoek https://projekte.co.za/jeugsimfonieorkes/
of skandeer die QR Kode en voltooi die regeistrasievorm

Kontak Lieandri by: lieandri@kultuurtuiste.org.za

Musieksentrum
MONUMENTPARK

## Prysuitdeling

Op Saterdag, 11 November het elke leerder 'n sertifikaat ontvang vir hul harde werk, deursettingsvermoë en prestasies gedurende die jaar.  Daar was ook 'n paar spog items op die program.

Baie geluk aan al ons trofee wenners. Julle maak ons baie trots!





Ons neem ook afskeid van 2 baie geliefde onderwysers:

**Juffrou Brenda Meiring** is al 16 jaar deel van ons Musieksentrum familie. Sy het klavier, klawerbord, sang, klarinet en saksofoon afgerig. Sy het ook haar eie teorieboek uitgebring, die Pret Werkboek reeks. Haar leerlinge het pragtig presteer en van hulle het tot matriek by haar les geneem. Ons gaan haar baie mis , maar ons hoop dat sy baie gelukkig sal wees in die Wes-Kaap.





**Juffrou Natali Schutte** het begin 2022 by ons aangesluit. In die 2 jaar wat sy by ons was, het ons haar leer ken as n baie liefdevolle en bekwame violis en onderwyseres. Ons wens haar sterkte toe in haar pos by Pretoria Girls High School.

## Belangrike datums

### Afsluiting

Hierdie week is die laaste amptelike week van lesse. Die week van 20 - 24 November sal gebruik word om lesse op te vang waar nodig. Die Musieksentrum sluit Vrydag, 24 November 2023.

### Registrasies 2024

Registrasies vir 2024 is nou oop. Stuur gerus 'n epos na navrae@monniemusiek.co.za vir die 2024 inligtingstuk.